

12 Desember

Skrifgedeelte: Jeremia 31:15-22
Fokusgedeelte: NGB, Art 35

Die nagmaal – die troos wat dit in ons bewerk

Die kindermoord in Betlehem was 'n wrede en sinlose daad (Matt 2:16-18)! Inderdaad! Hoe sal Ragel ooit getroos word (vers 15)? In haar ontroosbaarheid staan Ragel egter nie alleen nie. Wrede geweld en moorde op onskuldige mans, vroue en kinders om duistere politieke redes, duur immers deur die eeue tot vandag toe voort.

Die nagmaal bied God se troos vir sulke ontroosbares. Dit is amper ondenkbaar, maar in die nagmaal lê God die waarborg neer dat al sy kinders vir al hulle “swaarkry vergoed sal word” (vers 16). Wat hulle verloor het sal hulle terugkry. Die waarborg wat God neerlê is die waarborg van sy liefde wat ons so onverdiend ontvang (vers 20). Uit liefde vir sy kinders knoop God die stryd aan teen die vyand (die bose) wat al hierdie hartseer veroorsaak. Op Golgota vind die beslissende veldslag plaas. Daar word die vyand se wapens (sonde en dood) afgevat en word Hy self verslaan. Wat die vyand ook al geroof het, al ons verlore kosbaarhede, word Christus se buit. Hy kom om dit terug te gee aan hulle wat dit verloor het.

Die nagmaal is die maaltyd waar jy hierdie oorwinning vier. Jy ontvang nie net brood en wyn nie, maar Christus en sy oorwinning! Jy sal uiteindelik ook Christus se buit, alles wat jy ooit verloor het, terugontvang. Dit loop uit op 'n onbeskryflike heerlijkheid: Ouers kry hulle kinders terug, weduwees hulle mans, leë wiegies word gevul en in al die huise klink daar weer gelag. Met elke nagmaal kom die versekering: “Die Here skep iets nuuts in jou land” (vers 22). Ja, Hy wat op die troon sit, sê (Open 21:5): “Kyk, Ek maak alles nuut!”

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)